

25 Desember

Lukas 2:8-11

(Teks: 2:13) Kom, laat ons sing!

"Skielik was daar saam met dié engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys..."

"Wanneer dié persoon sing, dan moet seker selfs die engele trane afvee." Só mooi! Só asof dit nie sang van hierdie wêreld kan wees nie! Het ü al engele hoor sing? 'n Menigte van hulle uit die hemel? Wanneer hulle God prys? Nee. Só bevoorreg was niemand van ons nog nie. Maar wel skaapwagters in die nag naby Betlehem. Volmaakte klanke wat in die donker van die nag weggevloei het. Hemelse jubel-tone wat oor en deur hulle gespoel het. Waarlik tot eer van God! Ja, seker was dit hemelse sang, wat hart en siel, verstand en gees van elkeen van dié eenvoudige mense met die vreugde in die hemel ineengewef het Want sang van hierdie wêreld was dit nie! Sou hulle wou saamsing? Verstom kon hulle seker maar net daarna luister.

Waarom het hierdie engele-menigte só kom sing? Die Verlosser, die Christus, die Here is gebore! Op aarde! In Betlehem! Nié vir hulle nie. Maar vir julle! U en my! Vir dié mense in wie God 'n welbehae het!

Sal óns stilbly wanneer die engele sing? Vandag, Kersdag, moet ons saam met die engele sing. Al kan ons nie soos engele sing nie. Ons ken nie hierdie engelied se melodie nie, maar wel sy woorde. Hiermee saam het God aan ons geloof gegee om te kan gló wat ons sing. En... vréde in ons harte - iets van die hemel - om te kan sing. Só sal ons kan sing... tot eer van God! Kerstyd word gesing! In supermarkte. Restaurante. Wanneer mense koop, drink, eet en betaal. Is dit stil in ü hart? In ü huis? In ü lewe? Mens in wie God 'n welbehae het? Kersfees is sangfees! Kom, laat ons sing! Eer aan God...!

Sing Skrifberyming 4 Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)